

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 33
1 OKTOBER 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

OKTOBER-VAKANSIE
Ons staan aan die einde van die 3de kwartaal van 2021 – die tyd vlieg sowaar! Vir die eerste keer het ons vakansie in Oktober. Hierdie was seker een van die uitdagendste kwartale ooit. Die bedreiging van Covid 19 was altyd in die omgewing. Dit was nogtans 'n suksesvolle kwartaal en ons bring eer aan ons Hemelse Vader, want sonder Hom is ons tot niks in staat nie.

Ek wens almal 'n baie genotvolle vakansie toe. Lekker rugby kyk! Vir julle wat êrens heen ry, ry asseblief versigtig, en kuier lekker.

HEROPENING VAN SKOOL
Die skool open weer Maandag, 11 Oktober 2021 om 07:45. Die kinders dra dan ***somersdrag.***

SOMERSDRAG: 11 OKTOBER (vlg. Huiswerkboek: bl. 4)

5.2 KLEREDRAGREËLS LAERSKOOL NEWTONPARK

SOMER: (1ste en 4de kwartaal)

5.2.1 SEUNS:
Grys kort- of langbroek. Wit oopknoophemp sonder das met skoolwapen op die sak. Laasgenoemde is verpligtend. Grys skoolkouse met skoolkleure by omslag moet gedra word. Die skoolkouse moet onder die knie opgetrek wees. Swart skoolskoene, verkieslik die sg. "Toughees".

5.2.2 DOGTERS:
Wit oopknoophemp sonder das. Maroen skoolrok (verkieslik van tetrexmateriaal) met maroen broekie. Skoolrok mag nie hoër as 8cm bokant die knie wees nie. Kort wit sokkies word gedra. Sokkies moet een keer omgeslaan word. Swart skoolskoene (toeryg of met bandjie), verkieslik "Toughees".

5.2.3 SAAL
Gedurende die somer is die dra van die kleurbaadjie verpligtend tydens saalbyeenkomste. Seuns moet hul baadjies toeknoop.

RAPPORTE EN OUERBESOEKE
Die leerlinge ontvang vandag hul rapporte. Baie geluk aan die wat mooi presteer het. Die wat nie so goed gevaar het nie, sal volgende kwartaal harder moet werk. Teken asseblief die rapport en stuur dit dan terug aan die skool die eerste dag van volgende kwartaal. Teken solank Maandag, 18 Oktober aan as die datum vir die ouerbesoeke aan u kind se onderwyser.

Sommige van u sal briefies kry om die onderskeie onderwysers te kom sien. Kom asseblief daardie afsprake na ter wille van u kind. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel wil dankie sê vir hulle harde werk.

BELANGRIKE KENNISGEWING AAN OUERS VOLGENS ARTIKEL 38 VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET (84/1996)
Hiermee word aan u kennis gegee van 'n ouervergadering wat op Donderdag, 28 Oktober 2021 om 17:30 in die Laerskool Newtonpark se skoolsaal gehou sal word.

Tydens hierdie ouervergadering sal die voorgestelde begroting vir 2022 aan u voorgelê word vir oorweging en goedkeuring, met of sonder wysiging.

Enige ouer of wettige voog van leerlinge in die skool het die reg om die vergadering by te woon. Die begrotingsdokumente sal vanaf, Donderdag 14 Oktober 2021, by die kantoor ter insae beskikbaar wees.

KLEREWINKEL : BESTELLINGS VIR 2022
Ons herinner **graad R-ouers** wat bestellings vir klere vir 2022 wil plaas om dit so spoedig as moontlik te doen, sodat die verskaffers dit so gou moontlik kan maak. Die pryslyste is op D6 onder "Bronne" gevolg deur "klerewinkel", beskikbaar. U sal merk dat u die bestelling vir u gerief per e-pos na: klere@lnpark.co.za kan stuur. Indien u enige navrae het, kan u gerus die dames by die klerewinkel op die onderstaande tye skakel:
Maandae + Vrydae : **07:30 – 12:00**
Woensdae : **12:00 – 14:30**

TOELATING 2022: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 31 Augustus 2021 is daar 'n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings.

Ons versoek u om asb. die skeurstrokie onderaan daardie brief te voltooi en onverwyld saam met R800 reserveringsfooi (per kind) te betaal om sodoende te verseker dat u kind(ers) 'n plek het.

Betaling, slegs EFT. E-pos asseblief bewys van betaling na fin@lnpark.co.za met verwysing: u kind se van en naam en 2022RES.
Bankbesonderhede: Laerskool Newtonpark, ABSA takkode 632005, rekeningnommer 1400490089, verwysing: u kind se van en naam en 2022RES.

Die bedrag is voor/op 4 Oktober 2021, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2022. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

RAISIN LEGENDS : BESTELLING OP GOOGLE FORMS

Ons het dit goed gedink om die rosyntjie-bestellings na die "Google Forms" platvorm oor te skuif om die proses vir u te vergemaklik. U kan die volgende skakel gebruik vir bestellings: https://forms.gle/NmCE35k8Buxn248P7
Die skakel sal ook op SMS en D6 volg. Betaling sal steeds per EFT geskied soos voorheen.
Ons bevestig die **nuwe** bestel- en betaaldatum hieronder:

- Raisin Legends bestel- en betaaldatum : **Donderdag, 7 Oktober om 12:00** (bestelling sal op Google Forms gedoen kan word)

SKOOLKOMMUNIKEERDER

Ons herinner u dat hierdie elektroniese program **ons hoofmedium van kommunikasie met u is**.

Om die program gratis op u rekenaar af te laai, moet u net D6 by die Google soekfunksie intik, en die "D6 School Communicator" kan dan afgelaai word. Hierdie program verskyn elke oggend op u rekenaar se skerm en u kan dan sien watter boodskappe uitgestuur is en ook wat op die kalender gaan plaasvind.

Die program sal ook gebruik word om dringende boodskappe aan u te stuur. In so 'n geval verskyn daar onmiddellik 'n kennisgewing op u skerm. Die program kan bestuur word sodat u slegs inligting ontvang wat op u van toepassing is.

Die kommunikeerder kan as 'n toepassing op u androidfoon afgelaai word. Dit werk baie goed en boodskappe en inligting van die skool is dan altyd byderhand.

SKOOLGELDE 2021

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK



Geniet die naweek saam met jul gesinne.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE EERSTE WEEK VAN VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Vr – 8 Oktober	:	**Juf. Luzanne Dippenaar verjaar**
Ma – 11 Oktober	:	**SKOOL HEROPEN OM 07:45** Klerewinkel **07:30-12:00** **Mnr. Bonga Nqowana verjaar**
Di – 12 Oktober	:	Finansiële Komiteevergadering : **17:00**
Wo – 13 Oktober	:	**NETHEIDSINSPEKSIE** Klerewinkel **12:00-14:30**
Vr – 15 Oktober	:	Klerewinkel **07:30-12:00** **Juf. Anja Snyman verjaar**
Sa – 16 Oktober	:	Baasdag

SPORT & KULTUUR

RITMIESE GIMNASTIEK KOMPETISIE
Emma Scheepers in graad R1, en Lisa Scheepers in graad 3BL het op Saterdag, 18 September, aan die All Starz Academy se ritmiese gimnastiekkompetisie deelgeneem en soos volg presteer:

Emma Scheepers – Gr. R1
Kategorie: Fun Gym (0/6)
- 2de plek – "Free Dance"
- 7de plek – "Ball"
- **7de plek algeheel in haar ouderdomsgroep**

Emma het in die 12de posisie geëindig uit 34 gimnaste in hierdie kategorie.

Lisa Scheepers – Gr. 3BL
Kategorie: Level 1 (0/9)
- 2de plek – "Free Dance"
- 1ste plek – "Rope"
- **1ste plek algeheel in haar ouderdomsgroep**

Lisa is die trofee toegeken vir die hoogste algehele telling in Level 1 uit 37 gimnaste

Baie geluk, julle!

VOORTREKKERS : PICK 'N PAY – PEOPLE 'N PLANET BEACH CLEAN-UP
Op die 18de September het Lia Radder in graad R1en Ava Radder in graad 4M saam met hulle mede-Voortrekker maats deelgeneem aan die "Pick 'n Pay People 'n planet beach clean-up".

Die Voortrekkers se kode lees: 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing en so leef ons God se skeppingsopdrag uit. Dit is wonderlik om kinders van so jong ouderdom te sien betrokke wees in die bewaring van hulle land. Welgedaan, julle!

FAK GESKIEDENIS OLIMPIADE 2021

Matthys Potgieter in graad 7D het op 17 Augustus aan die FAK se Nasionale Afrikaanse Geskiedenis Olimpiade vir Laerskole deelgeneem en ‘n sertifikaat (silwer) verwerf. Baie geluk, Matthys!